

AN12



Huurders sê nee

Op 3 September het inwoners van townships in die Vaal-driehoek na hulle council se kantore gemasjeer. Hulle wou NEE sê vir die hoër huur. Die op-tog het vreedzaam begin maar kort daarna is mense doodgemaak, winkels geplunder en geboue afgebrand. Die volgende dag is 26 mense dood en 48 beseer. Mense wil weet waarom dit gebeur het. Wat beteken dit?

In Augustus vanjaar is inwoners van Evaton, Lekoa, Sharpville, Sebokeng en Boibatong deur hul councils ingelig dat hulle huur gaan styg. Op Sondag 3 September is drie massavergaderings gehou en 'n huurkomitee is gekies om teen die verhogings te veg. Die mense het sterk gevoel oor die saak omdat hulle nie vir die council (net soos bestuurskomitee) gestem het nie en nie geld vir die hoër huur het nie. Hulle het besluit om werk en skole te boikot en na die council se kantoor te masjeer.

GEWELD NEEM OOR

Op Maandagoggend het die mense vreedzaam begin masjeer. Hulle het 'n lid van die Evaton council, Leburu Diphoko, gevra om saam te stap. Hy het geweier en het op hulle geskiet. Twee mense is doodgeskiet. Die skare het daarop gereageer en hulle het hom doodgemaak.

Ander sê dat die teenwoordigheid en die geweld van die polisie mense uitgeloek het. Op een stadium was 660 mense deur die polisie gearrester toe hulle begraffnis van slagoffers van die opstand bygewoon het. Alhoewel die polisie eers rubber koeëls en traangas gebruik het, het hulle later met gewone gewere en koeëls geskiet.

NET TOT HIER

Die mense voel dat hulle al te veel moes opvreet. Die huur verhogings was die laaste strooi. Die mense word vir jare onder die broodlyn betaal en behuising is haglik. En in Augustus het die regering gevra gevra dat 'kleurlinge' en 'indiërs' vir Botha se 'new deal' moet stem. Dit is die 4-2-1-0 deal omdat vir elke 4 'wittes' is daar 2 'kleurlinge', 1 'indiër' en geen africans nie. Mense se menswaardigheid word van hulle ontnem, want keer op keer word die deur in die meermereid van die land se gesig toe-klap.

Om die situasie in die Vaal driehoek te verstaan, moet ons dit sien as 'n reaksie teen die nuwe grondwet wat die meerderheid van Suid-Afrika uitsluit. Dit is 'n NEE vir apartheid en ekonomiese uitbuiting. Dus moet die regering die skuld van die verlies van lewens en die miljoene se rande skade dra.



Skole boikot

Dwars oor die land boikot 160 000 studente hulle skole - 93 000 daarvan in die Vaaldriehoek. Hulle staan saam met hulle ouers teen die hoër huur. Hulle staan saam teen ongelike onderwys en vir 'n einde aan inferior 'Bantu Education'. Hulle staan vir 'n Suid-Afrika vry van apartheid en uitbuiting.

ONS EIS SRC'S

Lulu Johnson, president van die Congress of South African Students (COSAS) het gesê dat daar nog twee belangrike redes is waarom studente boikot. Eerstens wou hulle hulle woeds woorde oor die hou van die apartheidsverkiezings in Augustus. Tweedens eis hulle die volgende by skole:

- SRC's wat werk vir die studente in die plek van die prefekte-sisteme;
- afskaffing van die ouderdomsbeperking wat studente bo 20 jaar verbied om St. 10 te doen;
- 'Bantu education' moet uitgeqoel word;
- al die kinders van die land moet in een gelyke en vrye sisteem leer.

New Deal is No Deal

Net 18% van die 'kleurling' stemregtigdes het gaan stem. In die Skiereiland was die stem persentasie nog laer - net 5%. Met die indiërs was dit dieselfde storie.

Die uitslae van die verkiesing vir die 'kleurling' en 'indiër' huise is 'n oorwinning vir die UDF en almal wat staan vir 'n verenigde, demokratiese Suid-Afrika. Rajbansi en Hendrikse was slim om te vra dat 'n referendum nie gehou word nie, want hulle het geweet wat die gevolge sou wees. Ons kon dus die 'New Deal' net teenstaan deur die verkiesing te boikot. Dit is ook wat die mense gedoen het. Op stembag het duisende mense weggegly. Baie van die stemme wat uitgebring is, was spesiale stemme.

Dit beteken dat Rajbansi, Hendrikse en Curry geen mandaat het nie. As hulle eerlik was, sou hulle bedank het.

Hulle is egter nou vas in P.W.Botha se hande en moet met hom saamspeel. Hulle verdien nou groot salarisse - parlementslede kry R43 000 en minister R75 000 - terwyl die mense nog swaarder kry.





Die army soek jou

Sebokeng wys vir ons die toekomsrol van die army. Ons is altyd deur die polisie onderdruk, en nou gebruik hulle ook die army. Om die hele kwessie van diensplig te verstaan moet ons kyk na die volgende:

Die regering gee jaarliks massiewe bedrae op die army uit. Vanaf 1959 se 29 miljoen rand het dit vanjaar gegroei tot omtrent 4,000 miljoen rand. Dit is 25 keer meer as wat hulle op behuising uitgee. Terselfoertyd praat die radio, TV en koerante van vrede. Watter soort vrede

is dié?

Omtrent 100 000 Suid-Afrikaanse mense moet jaarliks diensplig doen. Tot dusver was almal 'wittes'. As hulle weier om te gaan, moet hulle vir ses jaar in die tronk sit of hul geboorteland verlaat. Nou wil die regering begin om 'kleurlinge' en 'indiërs' army toe te stuur. Volgens hulle is ons nou deel van die nuwe beveling, en daarom moet ons ook ons land verdedig.

Maar die mense vra: 'Wat se oorlog is dit waarin ons moet veg? Wat soek die army in lande soos Angola en Namibië?

Hoekom praat P.W.Botha van vrede met ander leiers as daar nie eens vrede in ons eie land is nie? Dit doen hy terwyl ons eie leiers in die tronk sit of aangehou word sonder verhoor!'

Met die Minister se aankondiging beteken dit dat die army nou ook 'n politieke rol gaan speel in ons land. Die mense wat nou deur die army onderdruk word is gewone burgers en nie ons vyand nie. Dit is mense wat kwaad is omdat huur, dienstefooie, kospryse en G.S.T. alles opgaan terwyl lone dieselfde bly. En as hulle ontevrede is kan hulle niks daaraan doen nie. Hoekom? Omdat die Nuwe Bedeling 'Swartes' uitsluit van die regering van die land.



Sharpeville 1984.

BURGEROORLOG

As ons nou by die army gaan aansluit, sal ons gebruik word om ons eie mense te onderdruk. Le Grange se besluit beteken dat Suid-Afrika nou teen homself oorlog maak. Dit is burgeroorlog. Is jy bereid om apartheid te verdedig en onderdrukking nog erger te maak?

Die UDF het die regering sterk gekritiseer vir sy nuwe plan om die army te gebruik. 90% van mense in Cloetesville en Idas Vallei is teen diensplig gekant. Dit is wat mense sê:

'Ek is 'n tweede-handse burger in die land. As ek gaan, dan beskerm ek net die 'wittes' se belange. So vergeet daarvan.'

'Wit kan baklei en diensplig doen, want dit is hulle wat skelm is. Dit is ook die mense wat agter Hendrikse en Curry aan hardloop wat dié sell-outs sal beskerm.'

Hendrikse sit nou saam met Botha-hulle in die kabinet. Stem hy saam dat die army gebruik word om ons eie mense te onderdruk? Ja! Volgens Abe Williams.

Ons vra: Hoe kan die regering jou dwing om teen jou eie mense te veg? Daarom verwerp ons die regering, want ons verwerp die gebruik van geweld en die army om ons mense se regverdigde eise te onderdruk. So sal daar nooit vrede kom in Suid-Afrika nie.

Soldate in Sebokeng

Op 23 Oktober het 7 000 soldate en polisie-manne Sebokeng omsingel om opstande te kwel. Dieselfde dag het hulle 'Operasie Palmiet' in Sharpeville en Boipatong voortgesit.

Die soldate het in die strate 'lamflette' uitgedeel om die mense se guns te wen. Meer as 350 inwoners is gevang en verhoor in spesiale howe. Volgens Louie Le Grange, Minister van 'Wet en Orde', was die doel om 'die area van kriminele en rewolusionêre elemente te bevry'. Hulle het net gewone oortreders gevind.

Die regering se aksie is sterk afgekeur deur die mense se organisasies. Die leier van die Federasie van Suid-Afrikaanse Vakbonde, Joe Foster, het gesê dat 'dit 'n duidelike aanpak is om die inwoners te intimideer dat hulle probeer om hul lewensstandaarde te verhoog'. Die UDF sê die regering het voldoen aan die eise van die inwoners.

Gaan jy?

Collection Number: AK2117

DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989

PUBLISHER:

Publisher: **Historical Papers, University of the Witwatersrand**

Location: **Johannesburg**

©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.